

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 3)

- 1 Die HEER is God, 'n eenige HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke, van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke. Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge. Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het! 'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het? Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het, ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 147:1, 2 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys! Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring! Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart. Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster; sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet. Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 141:1, 3, 5 (p. 683)

- 1 As daar vir my geen hulp of raad is, / roep ek, o HEER, hoor my gebed! Ag, haas U tot my hulp, en red / voordat dit hier met my te laat is.
- 3 Mag nooit my woord U smaad, o HEER, nie! / Rys smaadtaal uit die hart se grond – ag, wil dit wegweer van my mond, / dat ek u Naam nooit mag onteer nie!
- 5 'k Voel my aan liefdetug verbonde: / soos hoofsalv vir my hoof is 't my as die opregte my kasty; / want liefdetug die laat geen wonde.

Gebed

Psalm 73:1, 2 (p. 366)

- 1 Voorwaar, God is vir Isr'el goed, / vir wie opreg is van gemoed. Gods weg kan nooit so donker wees nie, / dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie. Maar ag, hoewel my siel dit weet, / tog het my voet haas in my leed gewankel, en dit was vir my / so donker dat my voet wou gly.
- 2 Ek het gepeins, diep in my hart / in lewensraaisels lank verward, toe 'k moes aanskou met lede oë / hoe boosaards aangroei in vermoë. Hul is gesond en lewe lank, / maar ander word van kwellings krank; op hulle rus geen ongeluk, / maar ander slyt hul lewe in druk.

Skriflesing: Psalm 73:1-28; Heidelbergse Kategismus, Sondag 10

Kernvers: Psalm 73:23-24

**Nogtans is ek altyddeur by U; U het my regterhand gevat.
U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlijkheid opneem.
(Psalm 73:23-24 AFR53)**

Heidelbergse Kategismus

Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles ons nie per toeval nie, maar uit sy Vader-hand toekom (f).

(a) Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. (b) Heb 1:3. (c) Jer 5:24; Hand 14:17.

(d) Joh 9:3. (e) Spr 22:2. (f) Matt 10:29; Spr 16:33.

Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).

(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4.

(d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:25.

Tema: Ons God regeer volkome oor die goed en kwaad in ons lewe

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vanoggend kry ons met 'n vraag te doen wat aanvanklik diep teologies klink: **Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?** Dit is 'n vraag wat baie gelowiges eerder sal wil vermy en aan teoloë oorlaat om te beantwoord. Ons weet mos dat God ons almagtige Vader en Skepper van hemel en aarde is. Ons glo en bely dit. Is dit nie genoeg nie? Geliefdes, as ons net glo dat God die Vader die hemel en die aarde geskep het en daarmee volstaan, het ons maar 'n koue en onpersoonlike beeld van God. Dan sou ons beswaarlik kon bely dat Hy **ook ter wille van sy Seun Christus** ons **God en Vader is**.

Ons God en Vader wil hê dat ons sy **almagtige en oralteenwoordige krag** net so helder en duidelik in die voortbestaan van alles sal sien as wat dit skitter in die openbaring van God se skeppingswerk in Genesis 1 en 2. Om die troos van die eerste artikel van die Twaalf Artikels te beleef, moet ons sover kom om te bely dat God volkome oor die goed en kwaad in ons lewens regeer. Maar om by hierdie belydenis te kom moet ons ook sien dat God volkome oor die goed en kwaad regeer. Daarom moet ons hierdie vraag in Sondag 10 nie vermy nie. Mag die Heilige Gees ons eerder lei om deur die oë van die Here se dienskneg Asaf te kyk en te verstaan wat God se voorsienigheid beteken. En mag Hy ons met die begrip hiervan troos.

Asaf het deur die geloof ook geweet dat God alleen die hemel en die aarde geskep het. En hy het ook geglo dat God regverdig oor die hemel en aarde en alles daarop regeer. In sy eerste woorde hoor ons hom dit sê:

Waarlik, God is goed vir Israel, vir die wat rein van hart is. (Psalm 73:1 AFR53)

God is goed vir die gelowiges – dié mense wat hulle lewe inrig volgens God se Woord. Hulle beleef die guns en genade van God omdat hulle sy liefde vir hulle met 'n opregte lewe beantwoord. Maar Asaf het hierdie woorde eers bely nadat hy geworstel het.

Voor die worsteling het Asaf, soos baie ander mense, dít geglo: Met die gelowige gaan dit goed en met die goddelose gaan dit swaar. Toe begin die worstelstryd. Met die gelowige behoort dit goed te gaan en met die goddelose swaar. Maar, ai tog, as 'n mens die dinge hier

op aarde beskou dan lyk dit soveel anders as wat 'n mens glo. Kyk 'n bietjie na die hoog-moedige, goddelose mense. Hulle lewe is so voorspoedig. By hulle is daar nie kwellings nie. Hulle lewe is sonder sorg en bekommernis. Ware gelowiges is besorg daaroor om werklik opreg te lewe. Hulle lewe lank nog het hulle al hulle kragte ingespan om volgens die wil van God te lewe – om hulle harte rein te hou. En gelowiges is nie net daarop gesteld om in hulle harte opreg te wees nie. Hulle dae getuig ook daarvan. Asaf sê:

Waarlik, tevergeefs het ek my hart rein gehou en my hande in onskuld gewas.

(Psalm 73:13 AFR53)

Dat Asaf sy hande in onskuld gewas het, is so goed as dat hy met 'n eed sy onskuld verklaar het. Hy het sy kragte ingespan om nie met sy hande onreg te pleeg nie. En waar hy tog onreg gepleeg het, het hy hom voor God geskaam en in diepe berou om vergifnis vir sy sondes gesmeek. En wat het hy daarvoor gekry? Niks anders nie as teenslae en straf elke dag van sy lewe.

Die hele dag tog is ek geslaan, en my tugtiging was daar elke môre.

(Psalm 73:14 AFR53)

Die goddelose mense, aan die ander kant, kyk na hulle. Hulle beleef nie die sorg soos gelowiges dit beleef nie. Dit lyk asof hulle verhewe is bo die sorg en pyn van hierdie lewe. Hulle is sterk en gesond en kan doen wat hulle wil. Vir God en God se gebod gee hulle nie 'n flenter om nie. Elke bouse ding wat hulle uitdink, doen hulle. Dit is vir hulle so alledaags om geweld te pleeg soos om klere aan te trek. Soos klere hang hulle geweld aan hulle en dan is hulle nog boonop trots daarop. Kyk, die trots en hoogmoed hang soos 'n halssnoer om hulle nek.

Ag, en daar eindig dit ook nie. Hulle tong is soos 'n sweep. Dit is 'n gespot en 'n gevloek. Uit hulle hoogmoed en eiewaan is omtrent elke woord 'n woord van verdrukking en boosheid. Teen elke mens van wie hulle nie hou nie, praat hulle kwaad en nog is 't het einde niet. Hulle gaan selfs sover om hulle mond teen die hemel te rig en te sê:

Hoe sou God dit weet, en sou daar kennis by die Allerhoogste wees?

(Psalm 73:11 AFR53).

En hoewel hulle so teen God laster, geniet hulle tog aanhang onder die mense. En die mense wat hierdie lasteraars aanhang, drink elke woord van hulle mond in. Hulle hang aan hulle lippe.

Kyk, so is die goddelose mense. Hulle lewe is 'n lewe sonder sorg en bekommernis. Te midde van hulle goddelose dae en woorde vermeerder hulle rykdom net. Hierdie dinge het gemaak dat Asaf afgunstig op die goddelose mense geword het. Vir hom het dit gelyk – want hy het dit so beleef – dat hy tevergeefs probeer het om opreg te lewe. Vir sy opregte lewe het hy tog geen loon gekry nie, behalwe om die hele dag geslaan te word. Elke môre was daar vir hom net nog 'n teenslag.

Broers, susters en kinders, is dit nie hoe ons ook maar baie maal die lewe ervaar nie?. Die wat geweld, roof en moord aanblaas en pleeg, leef rustig voort. Elke dag hoor ons van nog 'n moord, nog 'n roof, nog 'n ramp wat 'n gelowige getref het. Dan vra ons: Wat gaan aan? Waar gaan dit ooit eindig? Wat beteken die voorsienigheid van God? Ons kan, soos Asaf aanvanklik gedoen het, ons teen hierdie sondige werklikheid blind staar. En kyk ons teen hierdie dinge vas, kan dit gebeur dat ons amper struikel en die spoor byna byster raak en selfs jaloers word op die goddelose mense.

As ons saam met Asaf self oor die sin van die kwaad in hierdie wêreld wil nadink, sal ons ook saam met hom kan sê: Dit is bitter moeilik. Ek verstaan dit nie. Maar, geliefdes, God

roep ons na Hom toe. Hy wil ons leer wat sy voorsienigheid beteken. Ons sal dit nie verstaan nie totdat ons saam met Asaf in die heiligdomme van God ingegaan het. Die Here roep ons na sy Woord toe om sodoende by Hom te kom. Hy het ons geroep deur sy Gees om hier rondom sy Woord bymekaar te kom. En Hy wys vir ons: Kyk, kyk na die uiteinde van die goddelose mens. Ek, jou Here God, laat hulle op gladde plekke loop. Ek sal hulle tot 'n val bring.

As gevolg van ons sonde lyk dit vir ons, hier op aarde, of God nie ag gee op sy kinders nie. Ons word dan verdruk en kry swaar. Maar, die Here laat die goddelose mense op gladde plekke loop. Hulle dra die kiem van hulle ondergang in hulleself. Hulle beleef nog voorspoed, maar in 'n oomblik word hulle 'n voorwerp van verbasing; soos 'n droom verdwyn wanneer 'n mens wakker word, so sal die goddelose verdwyn. Hulle vergaan en gaan tot niet.

Maar wat van die gelowige? Luister nou na hierdie genade wat Asaf by die Here geleer het:

Nogtans is ek altyddeur by U; U het my regterhand gevat. (Psalm 73:23 AFR53)

Te midde van hierdie deurmekaarspul op aarde, te midde van die swaarkry, het die almagtige God die gelowiges aan die regterhand gevat. Vir geen oomblik word die gelowige losgelaat nie, want die Here onderhou sy lewe. Asaf sê:

U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlijkheid opneem.

(Psalm 73:24 AFR53)

Trouens, daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir die gelowige meer beteken as die Here nie. Na God kan ons vlug, en selfs al is ons na liggaam en gees afgetakel, al word die swaarkry erger, God is ons sterkte; aan Hom behoort ons vir altyd. Selfs al loop die swaarkry uiteindelik op die dood uit, sal die gelowige nie van God geskei word nie.

Geliefdes, die Here het self gesorg dat ons vir altyd aan Hom behoort. Ons God en Vader het ook oor die geweld en boosheid van die heidene en Jode geregeer sodat sy enigste geliefde Seun ter wille van ons aan die kruis vasgespyker is. Met die kosbare bloed van Christus het God ons van 'n aanhoudende bose lewe verlos. Die skynbare oorwinning van die Satan op Golgota het ons eindbestemming verseker – 'n lewe tot in ewigheid in die hand van ons God en Vader. Jesus Christus se dood aan die kruis was nie toevallig nie.

Omdat God, ons almagtige Vader, self die dood van sy eie Seun ter wille van ons beskik het, het ons dié versekering: Deur sy almagtige en alomteenwoordige krag regeer Hy oor alles – ook oor die goddelose mense. Dan kan ons ook bely: Waarlik, U, o Here, laat die goddelose mense op gladde plekke loop. Maar ek, ek en al u kinders, is nog altyd in u hand. En wat ook al met ons gebeur, of dit nou goed of kwaad is, ons kry dit uit u Vaderhand. Selfs die jammerdal wat U oor ons beskik, sal U tot ons beswil verander, want U lei ons deur u raad. En u regering is 'n wyse en 'n heilige regering. Daarby kan ek en al u kinders berus. Maar nou, **wat baat dit ons dat ons weet God het alles geskep en Hy onderhou alles deur sy voorsienigheid?**

Omdat die Heilige Gees ons deur die Woord leer en daartoe bring dat ons kan bely: God regeer en onderhou die hemel en aarde en alles wat Hy daarop geskep het deur sy ewige raad en voorsienigheid, ervaar ons in ons hart vrede en rus. Hierdie vrede en rus wat die Heilige Gees in ons hart werk bring ons daartoe om geduldig te wees in teëspoed en dankbaar in voorspoed. Dit is die troos wat die Heilige Gees ook aan ons gee wanneer ons opreg glo en bely dat God alles geskep het en deur sy voorsienigheid daarvoor regeer.

Tog moet ons eerlik teenoor mekaar en voor die Here erken: Dit is nie so maklik om in teëspoed geduldig te wees nie. Asaf het ook daarmee gesukkel:

Toe my hart bitter gestemd en ek in my niere geprikkel was, toe was ék dom en het niks geweet nie; ek was 'n dier by U. (Psalm 73:21-22 AFR53)

Kyk hoe lekker lewe die goddelose mense, maar ons word dag vir dag verdruk. Dit maak 'n mens bitter ongelukkig. Jy voel verontreg en raak jaloers op die mense wat in hulle goddelose lewe floreer. Sulke dinge stem 'n mens ongelukkig en jy raak gefrustreerd. Hoekom kan ons nie maar vrede en rus geniet nie? Geliefdes, ongeduld in teëspoed sal veroorsaak dat ons in opstand kom teen God. Ons God regeer oor alles wat Hy geskep het. Laat ons hieraan vashou, anders raak ons soos redelose diere teenoor God en wil dan van Hom rekenskap eis oor sy wyse en heilige regering. God is God en ons is maar net sondaars. Laat ons nie teen Hom in opstand kom nie.

Geliefde broers en susters, ons moet dit nou maar besef – ons wil, soos Asaf, graag verstaan hoekom die dinge gebeur soos dit gebeur. Hoekom, terwyl ons glo in die Here, terwyl ons ons inspan om opreg te lewe, moet ons so swaar kry? Maar die Here het vir Asaf nie gesê hoekom die dinge gebeur nie. Deur sy Gees het Hy Asaf na Hom toe laat kom, en die Here het ons na sy Woord toe geroep om ons te leer. Kyk, my liewe kinders, Ek is nog altyddeur by julle. Ek het julle heeltemal in my Vaderhand. Deur die geloof weet ons dat ons by God is, want Hy is by ons. Hy is in ons deur middel van sy Gees wat Hy aan elkeen van ons gegee het. Ons kan nou tot God vlug en weet ons is veilig by Hom. Hy het immers alles geskep, die hemel en die aarde en elke mens en dier daarop, ook die mense wat goddeloos lewe. Vandag regeer Hy nog oor alles. En by dit alles is hierdie almagtige God ter wille van sy Seun Christus ons Vader.

Deur sy raad wat net aan Hom alleen bekend is, lei Hy ons. Sy raad is wys en regverdig, want Hy het dit besluit. En hierna sal Hy ons in heerlijkheid opneem. Omdat ons in sy hand is, sal God alles tot ons beswil beskik. Ons sal die heerlijkheid en eer van God in hierdie lewe beleef en by die wederkoms in volkomenheid. Wanneer dit gaan gebeur, weet ons nie. Saam met Asaf het ons net hierdie versekering dat God, ons Vader, dit wel sal doen. Die goddelose sal ten gronde gaan en ons sal by almal bekend wees as kinders van die lewende God. Daarom leer God ons: Wees geduldig in die teëspoed. Ek, jou God, sien jou in jou teëspoed raak, maar jy is in my Vaderhand. God sal hierdie teëspoed vir ons tot ons beswil verander op sy tyd en op sy manier, want Hy regeer en onderhou alles.

Aangesien ons weet dat God oor die teëspoed in ons lewe regeer deur sy voorsienigheid, hoeveel te meer beskik Hy nie ook oor die voorspoed in ons lewe nie? En omdat die Here hierdie voorspoed in ons lewe beskik, is ons dankbaar daarvoor. Maar dit lyk maklik as 'n mens dit so sê. Dit lyk baie makliker as om in teëspoed geduldig te wees. En tog is dit nie altyd so maklik om in voorspoed dankbaar te wees nie.

Dit kan immers so maklik gebeur dat 'n mens in dae van voorspoed die Here nie raaksien wat alles gegee het nie en Hom vergeet. So maklik gebeur dit dat 'n mens in dae van voorspoed eerder jou eie inspanning en vermoë raaksien en vergeet dat die Here die krag gegee het om jou in te span vir wat jy bereik het. Ons sien dit in ons eie lewe ook raak, maar ons wil dit nie graag erken nie. Ja, tot ons skaamte moet ons erken dat ons lippe onophoudelik die bekommernis van ons harte uitspreek wanneer dit swaar gaan. Maar as die Here eindelijk sy genade skenk, vergeet ons tog so maklik om dankie te sê. Dit lyk so asof ons mense die goeie as vanselfsprekend aanvaar. Dit moet mos goed gaan, so waarom sal ons nou nog dankie sê ook?

Daarom geliefdes, moet ons in hierdie dae van voorspoed wat die Here aan ons gegee het ons nog meer inspan om Hom wat op sy troon sit en regeer, raak te sien. Ons moet sien dat dit Hy is wat die voorspoed, hoe groot of klein dit ook al is, aan ons gegee het. Hy is immers ons Vader wat vir ons die reën en kos beskik. Dit is Hy wat ons vanoggend in gesondheid en krag opgewek het en hierdie nuwe dag aan ons gegee het. Laat ons dan oral en altyd uit die diepte van ons hart met ons lippe en ons offers Hom die dank bring wat Hy waardig is om te ontvang.

Die troos om te weet dat God ons Vader deur sy voorsienigheid oor alles regeer, gaan nog verder as die rustige vrede van geduld in teëspoed en dankbaarheid in voorspoed. Die Heilige Gees werk in ons ook die vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader vir die toekoms. Die swaarkry wat ons gelowiges nou beleef, gaan in die toekoms nog erger word; so leer die Bybel ons op baie plekke. Maar die Christen wat sy oog gelowig op sy God en Vader gevestig hou, sal die toekoms moedig tegemoet gaan en in die geloof kan sê: Wat ook al gebeur, niks sal my van sy liefde skei nie.

Baie dinge kan ons in die toekoms ontnem word – al ons besittings wat ons met harde arbeid oor baie jare verwerf het; ons geliefdes, man, vrou of kinders; ons gesondheid of selfs ons eie lewe, maar nooit God se liefde vir ons in en deur Jesus Christus nie. Hierdie liefdesband kan nooit deurgesny word nie; intendeel, die band word steeds hefter en vaster deur God gemaak omdat Hy volkome in die goed en kwaad van ons lewe regeer. Ja, Hy beskik die goed en kwaad tot ons beswil sodat ons eenmaal altyd by Hom sal wees en voortdurend ongestoord sy liefde kan geniet.

Amen!

Slotgebed

Psalm 73:10, 12 (p. 369)

- 10 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
27 Oktober 2013